# DIE HUISGENOOT

*Geïllustreerde Weekblad*

*Onder redaksie van J. M. H. Viljoen* *Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad*

DEEL XXII, No. 834 18 MAART 1938 AAN DIE HOOFPOSKANTOOR GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD PRYS 4d.


## VOLKSLIEDERE

IN die afgelope tyd is daar veel gepraat en geskryf oor die twee volksliedere in Suid-Afrika: van Regeringsweë is daar verklarings uitgereik en uitvoerige kommentaar oor die saak het in al die koerante verskyn. Dit is nie die bedoeling om hier 'n verdere bydrae tot die besprekings te lewer nie; ons wil liewer die leser se aandag bepaal by 'n aspek van die saak wat ook al dikwels aangeroer is: Die tydige en ontydige speel van die volksliedere. Voorvalletjies wat van tyd tot tyd plaasvind, wys duidelik daarop dat dit n o d i g geword het om die speel van 'n volkslied te beperk net tot geleenthede waar dit paslik is en as 'n bepaalde behoefte gevoel word. By musiekkonserte, opvoerings, rolprentvertonings en ander byeenkomste vir vermaaklikheid, is 'n volkslied hinderlik en oorbodig, en word dit by herhaling beslis goedkoop. Vir die oorgrote meerderheid van mense word die opstaan by die speel van die lied dan mettertyd 'n soort aangeleerde refleksbeweging waarvan die oorspronklike betekenis verlore gegaan het. So was daar 'n paar weke gelede by 'n Afrikaanse opvoering in die Kaapstadse stadsaal duidelike blyke dat 'n groot deel van die gehoor met teësin gesit of staan en luister het na die Britse volkslied, terwyl net soveel mense hul aandag aan die aantrek van hul jasse bestee het onder die speel van „Die Stem"; in Pretoria het selfs inkgooiery en die onwelriekende geur van „stinkbomme" 'n middel geword om uitdrukking aan misnoeë te gee. Hierdie verset kan alleen teenverset uitlok, waarop daar weer met verset gereageer sal word. Die enigste manier om dit te vermy, is 'n verstandige en oordeelkundige beperking van die speel van die volksliedere. As 'n redelike oplossing volgens goeie smaak en paslikheid nie moontlik is nie, sal bestaande gebruike en tradisies eenvoudig gewysig moet word om by landsomstandighede aan te pas.

---

## AANTEKENINGE

IN 'n vorige uitgawe van *Die Huisgenoot* het ons melding gemaak van 'n skema wat deur die Vrystaatse Departement van Onderwys opgestel is om vanjaar besondere aandag aan die Voortrekkergeskiedenis te wy. Hierdie skema is feitlik 'n soort projek waarin die Voortrekkergeskiedenis die spil vorm waarom al die skoolvakke gegroepeer is. Die hele skoolleerplan vir die jaar staan dus in verband met die Voortrekkergeskiedenis. Na 'n verklaring van mnr. H. Z. van der Merwe, Provinsiale Sekretaris van Onderwys, is dit die voorneme van die Kaaplandse Departement om die derde skoolkwartaal vanjaar vir 'n soortgelyke doel af te sonder. Onder voorsitterskap van inspekteur C. Hofmeyr sal 'n komitee saamgestel word om die Departement raad te gee hoe om die Voortrekkergeskiedenis op die beste manier as grondslag te laat dien vir die onderrig wat gedurende die derde kwartaal gegee sal word. Ons hoop dat die Transvaalse en Natalse Departemente die voorbeeld van die Vrystaat ook in hierdie opsig sal volg. Baie van die aangrypendste gebeurtenisse van die Groot Trek het in Natal en Transvaal plaasgevind, en die meeste kinders daar is regstreekse afstammelinge van die Voortrekkers. Om geesdrif en samewerking vir so 'n skema te kry, behoort dus nie moeilik te wees nie.

---

AS die verklarings van deskundiges op die gebied van die skilderkuns juis is, kan Kaapstad hom daarop beroem dat hy in besit is van 'n egte Rembrandt-werk, die enigste in die hele Suid-Afrika. Die skildery is aan ons bekend as die „Taxidermist" („Diereopsetter") in die Michaelis-versameling. Die stuk is in 1936 na Holland gestuur en in die begin van verlede jaar deur die bekende Hollandse skilderyhersteller, dr. De Wild, as 'n vriendskapsbetuiging teenoor Suid-Afrika kosteloos skoongemaak. Terwyl die „Taxidermist" in die loop van verlede jaar in Den Haag te besien was, het dit skielik beroemd geword deurdat dr. Abraham Bredius, wat 'n groot naam verwerf het as 'n Rembrandt-kenner, sonder aarseling v e r k l a a r het dat dit 'n Rembrandt-werk is. Die stuk het onlangs in Suid-Afrika teruggekeer en is verlede week weer in die Michaelis-museum op die Groentemarkplein, Kaapstad, opgehang, waar dit deur die publiek gesien kan word. Die skildery sien daar nou fris en skoon uit, terwyl dit voorheen dof en swart van ouderdom was. Voor sy afsending na die buiteland, was die werk gewaardeer teen vyfhonderd pond, maar dit word nou geskat teen 'n waarde van naastenby vyfduisend pond.

---

DIE kommissie wat belas is met die insameling van Hollandse Bybels vir verspreiding in Nederland, kondig aan dat die datum van versending uitgestel en Bybels nog tot 31 Maart ontvang sal word. Hy doen 'n beroep op alle belangstellendes om in die enkele weke wat nog oor is, so veel Bybels as moontlik bymekaar te maak en aan mnr. P. W. Jordaan, Die Kweekskool, Stellenbosch, te stuur. Die kommissie versoek dat persone wat Bybels stuur, die vraggeld self moet betaal.

---

OP 29 en 30 April word daar 'n groot Voortrekkereeufees op Bloemhof gehou. Die Sentrale Feeskomitee bestaan uit verteenwoordigers uit byna die hele Wes-Transvaal, en 'n oproep word op Afrikaners gedoen om die viering in so groot getalle as moontlik by te woon. Die openingsrede word deur dr. J. D. du Toit op 29 April om 11 v.m. uitgespreek.

## SPEURWERK OP EIE HOUTJIE

*In ons uitgawe van verlede week het 'n artikel verskyn waarin die skrywer meedeel hoe hy op eie houtjie as speurder opgetree en 'n vermiste voorwerp sowel as die skuldige persoon opgespoor het. Daar is seker baie van ons lesers wat al hul speursin op die proef gestel het, veral van ons ouer mense wat nie alte dikwels van die polisiediens gebruik gemaak het nie en self op heel vernuftige wyse veediewe en ander misdadigers opgespoor en betrap het. Dit sal interessant wees as hulle hul ondervindings aan DIE HUISGENOOT wil meedeel. Dit hoef nie noodwendig persoonlike ervarings te wees nie, maar die besonderhede moet na waarheid geteken wees en skrywers moet veral sorg dat daar nie aanstoot gegee word aan persone wat miskien by sulke bedrywighede betrokke was nie. Insenders van verhale wat opgeneem word, sal die gewone honorarium ontvang.*

## DIE AFRIKANER-KOFFIEHUIS

DIE Kaapstadse Afrikaners het verlede Saterdag hul laaste koppie koffie in hul eie ou Afrikaner-Koffiehuis gedrink, en toe hulle daar uitgegaan het en die deure agter hulle gesluit is, het hulle gevoel dat hulle, dat die Afrikanergemeenskap van Kaapstad, dakloos is. Twee-en-twintig jaar lank was die Koffiehuis hul tuiste; en nou is hy nie meer daar nie. Maar sy uiteinde was gekenmerk deur verblydende trou en geesdrif. Die Oranjeklub, wat sedert die stigting van die Koffiehuis nooit 'n ander vergaderplek geken het nie, het die voortou geneem en saam met ander kultuurverenigings 'n gepaste afskeid van hul ou tuisplek georganiseer. Die toesprake was gevoelvol, amper soos by die heengaan van 'n vriend, van 'n vader wat sy kinders geherberg het. Maar hulle het ook getuig van vertroue en geloof in die toekoms, en die groot vraag is: Waar sal die Afrikaners 'n bymekaarkomplek kry om soos in die verlede, daardie vertroue te versterk en die geloof te beoefen? Sonder 'n eie tuiste loop ons gevaar om in Kaapstad verbrokkel en versprei te raak. Na ons verneem, is die Kerkraad van die Moederkerk voornemens om by die oprigting van 'n nuwe gebou op die huidige Koffiehuisterrein, te sorg vir 'n doelmatige saal en vir 'n lokaal wat as koffiehuis of restaurant ingerig kan word, met die vooropgestelde doel om aan die Afrikaners en veral Afrikaanse verenigings ruimer geleentheid te verskaf. As hierdie voorneme verwesenlik word, sal die Moederkerk die dank van die hele volk verdien. Maar daarmee sal ons moeilikhede nog nie opgelos wees nie, want hoewel daar ongetwyfeld ruimskoots van die saal gebruik gemaak sal word en die Kerkraad ook graag die restaurantlokaal tot diens van die Afrikaners wil stel, is dit nog lank nie 'n uitgemaakte saak dat die huidige Koffiehuismaatskappy of 'n dergelike Afrikaanse onderneming die geleentheid te baat sal neem nie, en daarom is dit die plig van die Afrikaners van Kaapstad om weer 'n keer bymekaar te staan en te sorg dat dié lokaal ons nuwe koffiehuis en, saam met die saal, ons Afrikaner-tuiste in die stad word en nie noodgedwonge aan uitheemse kafeehouers sal moet verhuur word nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012